Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2267 12 Desember 2025

Die Redakteur ...............

# Die laaste nuus in oënskou

Ons is byna by Geloftedag, 'n dag wat baie belangrik is in ons volksgeskiedenis, met Kersfees net daarna, wat op die Christelike kalender 'n sentrale plek inneem.

Daarom is hierdie ook ons laaste uitgawe van die jaar en sal ons DV weer middel Januarie ons werksaamhede hervat.

Ons gaan nie hier in diepte in op die Geloftedag en Kersfees nie, behalwe om ons volk te herinner aan die plig om Geloftes na te kom. Waar die Gelofte se een belangrike element is dat die geskiedenis aan die opkomende geslagte vertel moet word, is dit belangrik dat ons ware Geloftefeeste sal bywoon, waar ook moeite gedoen word om die geskiedenis te verduidelik aan veral die jongmense. Helaas is dit so dat 'n blote diens by die plaaslike gemeente dikwels nie aan dié vereiste voldoen nie.

Dan praat ons natuurlik nie van die linkse Versoeningsdag nie. Dié dag en ideologie is niks van ons nie en vreemd aan ons geskiedenis en kultuur. Vermy dus in geheel!

Lesers kan gerus kyk na die HNP-leier, mnr. Fritz van Graan, se bespreking oor Geloftedag en Kersfees, op die laaste video van die HNP se Inligtingsdiens.

Dié video kan gesien word by
**https://youtu.be/ZWik044_G6o.**

Gewoonlik is die laaste uitgawe van ***Die Afrikaner*** vir die jaar maar kleiner, en daarom dat ons die nuusgebeure van die laaste tyd in hierdie kommentaar hanteer.

Die Suid-Afrikaanse aansien in die wêreld het tot 'n laagtepunt gedaal hierdie jaar, ten spyte wat Cyril Ramaphosa "die nasie" wil voorlieg. Selfs in die tydperk van die "gehate dr. HF Verwoerd" het die wêreld respek vir Suid-Afrika gehad, selfs al het hulle nie saamgestem met Suid-Afrika se binnelandse beleid nie. Maar mense soos dr. DF Malan, adv. JG Strijdom en dr. HF Verwoerd het respek afgedwing en dit daarom verdien.

Ramaphosa is 'n jellievis-politikus sonder ruggraat, polities glibberig soos 'n paling en polities slu soos 'n jakkals. Afrikaners in besonder, maar Blankes in die algemeen kan daarvan getuig. Die land kan maar sink omdat blanke kundigheid nie gebruik word nie en die land verlaat, maar telkens sal Ramaphosa en sy kornuite verklaar dat swart ekonomiese bevoordeling sal bly, ongeag die gevolge. Selfs op die laaste ANC-konferensie wat aan die gang is, word daarop gewys dat die Blankes beter en meer werk het as die Swartes. Dat die swart vakbonde die sondebokke is om swart werkers op te stook teen werkgewers, word uiteraard verswyg. Die feit dat onderwysstandaarde gedaal het net om massas leerlinge en studente te laat slaag sodat die staat kan goed lyk, word ook geïgnoreer. Blanke jongmense kom bo uit, want hulle wil daar uitkom en hulle wil werk en hulle wil 'n loopbaan vestig, en hulle doen dit sonder dansende eise, en sonder om onderwysinstellings te vernietig.

Trouens, die PUK-kampus van die Noordwes-Universiteit, is geskud deur die nuus dat die swart voorsitter van die studenteraad uit die universiteit verban is na hy skuldig bevind is op grond van seksuele teistering. Die universiteit het dit probeer stil hou, maar dit kon nie langer toegesmeer bly nie. Dit dui op die leiersmateriaal wat die "getransformeerde" universiteite deesdae oplewer, en voorspel net dat sake gaan vererger. Ons kan dan net hoop dat instellings soos CVO-skele, Akademia en SolTech tot hoër hoogtes sal styg in terme van kwaliteit onderrig en standaarde, sodat daar hoop vir Afrikanerkinders kan wees.

Suid-Afrika se internasionale aansien is redelik verpletter met Ramaphosa se besoek aan die Withuis in Amerika. Pres. Donald Trump het die vloer gevee met hom en sy beleid, en toe sommer aangekondig dat hy nie die G20-beraad in Suid-Afrika gaan bywoon nie – wat hy gedoen het en dié beraad was selfs 'n mislukte oefening in publisiteit vir

Ramaphosa en sy regering.

O ja, nie te vergete Ramaphosa se regering! Die sogenaamde "Regering van Nasionale Eenheid (RNE)", wat niks anders is nie as 'n ANC-beheerde koalisieregering. Die DA-leier, John Steenhuisen, laat hom telkens voor Ramaphosa se karretjie span om laasgenoemde se vuilwerk vir hom te doen, soos tydens die besoek aan Trump. Ook met die G20-beraad het Steenhuisen vir Ramaphosa ondersteun om Amerika aan te vat. Ons het al jare gelede gewys op die ooreenkomste tussen die beleide van die ANC en die DA. Nou word dit duidelik. Die verskilletjies wat daar mog wees, is uitgewis sedert die DA deel van die ANC-beheerde koalisieregering is. Inteendeel, ANC-beleid word deur die DA uitgevoer, soos die drakoniese Bela-wet, wat gaan verseker dat daar binne die kortste moontlike tyd geen Afrikaanstalige skole meer gaan wees nie. Dit is 'n swart DA minister wat hierdie proses nou dryf.

Net 'n laaste gedagte oor die internasionale betrekkinge: in die vorige uitgawe het ons gewys op die mislukking van die G20-beraad wat eintlik maar 'n K13-beraad was. Selfs van Suid-Afrika se Brics-bondgenote het 'n lae of afwesige profiel gehandhaaf omdat hulle nie regtig kans sien vir konfrontasie met die Grote Trump nie. Daarenteen gaan Ramaphosa, sy adjunk en moontlike opvolger, Paul Mashatile, en sy minister van buitelandse sake, Ronald Lamola, uit hulle pad om soos wafferse politieke Foxterriërtjies vir Trump aan sy hakskeen te byt. En toe gebeur presies dit wat ons in die vorige uitgawe voorspel het: Trump het Suid-Afrika vir alle praktiese doeleindes uit die G20 geskop, beginnende met 'n aankondiging dat Suid-Afrika nie genooi sal word na die G20-beraad in 2026 in Amerika nie, en sedertdien is Suid-Afrika ook nie genooi na enige van die werksvergaderings wat reeds in Amerika gehou is nie.

Intussen word 'n nuwe "apartheidswet" voorberei. Dit is nie eintlik 'n wet wat apartheid wil herstel nie, maar 'n nuwe wetsontwerp wat beoog om sogenaamde apartheidsmisdade in 'n moderne konteks in te ryg in Suid-Afrikaanse wetgewing.

Die diaboliese gedrog heet die "Implementation of the International Convention on the Suppression and Punishment of the Crime of Apartheid Bill", 2025 (kort: "Apartheid Bill"). Dit is 'n privaat lede-wetsontwerp wat deur die Al Jama ah Party in die Parlement ingedien is — namens 'n groep van agt politieke partye, wat die ANC, EFF, MK en andere insluit.

Dié wetsontwerp wil apartheid — soos omskryf in internasionale konvensies — tot 'n afsonderlike, geïsoleerde misdaad onder Suid-Afrikaanse reg, nie net as "misdaad teen die mensdom" soos onder bestaande wette nie.

Dit wil Suid-Afrikaanse howe jurisdiksie gee ook buite Suid-Afrika wat beteken dat mense vervolg kan word wat beweerde "apartheid-aksies" elders in die wêreld gepleeg het, mits daardie mense in SA is of SA-burgers is.

Dit maak voorsiening vir 'n spesialiskomitee wat klagtes oor apartheid-verwante aksies kan ondersoek en aanbevelings kan maak oor vervolging.

Die wetsontwerp kan lei tot vervolging van mense vir wat hulle sê, wat hulle politieke of ideologiese optredes is. Tans word nog aangevoer dat dit veral gemik gaan wees op bande met buitelandse instellings en konflik-gebiede. Maar ons is onder geen illusie dat ons, wat apartheid verdedig as die regverdigste stelsel wat bestaan het om volke te skei en afsonderlik te ontwikkel, heel eerste vervolg kan word, al is dit net om van iemand 'n voorbeeld te maak.

Die wetsontwerp is onlangs gepubliseer en 'n openbare kommentaar periode is oop, en burgers en organisasies is genooi om voor 14 Desember 2025 kommentaar te lewer – soos elke jaar in die vakansietyd waar mense ander belange het as die politiek. Daarna sal die parlement dié kommentaar oorweeg voor 'n finale besluit geneem word. Met al die ondersteunende partye behoef dit geen profeet om te voorspel wat daar gaan gebeur nie. Wat wel interessant sal wees, is om te sien hoe deelnemende regeringspartye soos die DA en VF Plus daarop gaan reageer, want deesdae glo almal mos dat apartheid 'n "misdaad teen die mensdom" is.

Dit bring ons sommer by die VF Plus, deelnemer aan die ANC-beheerde koalisieregering, en deesdae maar baie stil of versigtig oor nasionale sake. Op plaaslike regeringsvlak laat hulle nog wel hul stem hoor, en hulle spog nou met 'n nuwe swaargewig in hul midde, mnr. Willie Spies. Spies was voorheen parlementslid van VF Plus totdat dr. Pieter Mulder deur Jacob Zuma as adjunkminister van landbou aangestel is. Toe wip Spies hom en bedank en gaan Afriforum toe. Later neem hy namens die Solidariteit-beweging die volksgesinde Radio Pretoria oor en omvorm dit tot 'n beleidsvervlakte Pretoria FM, wat nou meeding met die openlik linkse staatsuitsaaier, RSG. Spies bedank toe sy leier adjunkminister word, en keer terug toe die vorige leier 'n vol minister word – ietwat verwarrend en ondenkbaar as dit op basis van beginsel beoordeel moet word. Maar hy is skynbaar 'n pos belowe, naamlik om VF Plus se burgemeesterskandidaat vir Pretoria te word in die komende plaaslike regeringsverkiesings.

'n Sy-opmerking oor Peter Mulder as adjunk-minister van landbou: Dit moet hom ter ere gegee word

dat hy moeite gedoen het om by landbou betrokke te raak, hy het goeie bande met georganiseerde landbou gehad, en was by elke moontlike landbougeleentheid. Hy het selfs sekere sake namens landbou kon beding. Daarenteen is die huidige minister van landbou – die man met werklike sê – John Steenhuisen van die DA, besig om een van die ongewildste ministers van landbou nog te word. Veral met die huidige vlaag van Bek- en Klouseer, wat die veebedryf op die rand van vernietiging het, skitter hy in mislukking en boere is erg ongelukkig met hom. Van Toko Didiza het boere dit verwag, maar nie van 'n Steenhuisen nie, en dit maak hom selfs meer aanspreeklik.

Intussen het die Wes-Kaap waarskynlik Gangsters Paradize (GP) verby gesteek as misdaadhoofstad van die land. Daagliks is daar berigte van bendegeweld waar mense sommer in tientalle doodgeskiet word. Kaapstad se internasionale lughawe en omgewing het hoogs onveilig geword. Mense word op die snelweë gekaap en doodgeskiet. Verlede week het die redakteur van ***Die Afrikaner*** 'n video gekry van sy Bosveld-buurman wat op vakansie in die Kaap was, net nadat die buurman en sy gesin 'n kapingspoging by die lughawe oorleef het, maar met gebreekte vensters en bloed aan die liggaam. Twee ure later is die Bloemfonteinse onderwyseres, wat na haar kinders onderweg was, op min of meer dieselfde plek doodgeskiet.

Die Madlanga-kommissie van ondersoek na misdaad, politieke inmenging en korrupsie in die strafregstelsel, het 'n hewige terugslag gekry toe sy Getuie D, Marius (Vlam) van der Merwe, koelbloedig voor sy huis en ten aansien van vrou en kinders vermoor is in 'n sluipmoordaanval. Misdaadneste stuur 'n duidelike boodskap uit: praat en jy is dood. Dit gaan 'n uiters verlammende uitwerking hê op dié kommissie se werksaamhede, aangesien ander moontlike getuies twee keer gaan dink voordat hulle hulself laat opoffer, vir iets wat dalk in elk geval niks gaan oplewer nie. Die Zondokommissie na staatskaping is 'n voorbeeld daarvan, en van dié verslag se aanbevelings het daar dadels gekom.

Noord-Transvaal is geruk deur nog 'n plaasmoord en aanvalle het ook elders in die land voorgekom. In dié geval was dit eie arbeiders wat betrokke is, en wat die noodsaak uitwys dat volksvreemde arbeid 'n risiko bly. Daarom dat die ANC-beheerde koalisieregering bly hamer op swart bevoordeling in die werksplek, anders sou dié tipe arbeiders lank al die trekpas gekry het as gevolg van die risiko.

Een klein ligpuntjie is dat die ANC as organisasie inmekaar tuimel. Hulle sukkel toenemend om hulle personeel se salarisse te betaal, en dié het al skoon 'n betoging daaroor gehou by die plek waar hulle nasionale konferensie tans plaasvind. Daarbenewens erken hulle dat hul tak-strukture ophou werk het, behalwe tydens leiersverkiesings, Laaste maar nie die minste nie, sê hulle leier, Cyril Ramaphosa, dat hulle organisasie weer moet lyk soos in die jare vyftig. Ons word altyd verwyt dat ons "terug hunker" na die verlede, maat wat is dié dan?

Dit is die situasie waarop ons die jaar afsluit. Natuurlik is dit outomaties geen goeie begin vir die nuwe jaar nie, maar daaroor sal ons besin in die nuwe jaar.

Intussen wens die redaksie en sy medewerkers almal 'n besondere feestyd en aangename vakansie toe.

---



# DIE FENISIËRS HET AL OM AFRIKA GESEIL*

**Prof. Fransjohan Pretorius**

In 2009 was ek bevoorreg om 'n referaat by die École Normale Supérieure van Parys se konferensiesentrum buite Florence in Italië te lewer. Ek is genooi om oor die Middellandse See vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief te praat. Toe neem ek as tema 'n Fenisiese (Kanaänitiese) tog van 600 v.C. en sy betekenis vir Suid-Afrika.

Die Griekse historikus Herodotus, het in die 5de eeu v.C. geskryf dat die Egiptiese farao Neku II, wat tussen 612 en 596 v.C. regeer het, Fenisiese seevaarders opdrag gegee het om 'n omvaart van Afrika te onderneem. Neku het gehoop dat hy sy invloed langs die kus van Afrika kon uitbrei. Volgens Herodotus was dit bekend dat Afrika deur seë omring word. Daarom het Neku die Fenisiërs beveel om op hul terugtog deur die Pilare van Herakles (vandag die Straat van Gibraltar tussen Spanje en Marokko) te vaar om sodoende weer in die Middellandse See by Egipte uit te kom.

Dit is duidelik dat Neku hom met die afstand misgis het, want dit het die Fenisiërs byna drie jaar geneem om die roete te voltooi.

Herodotus verhaal dat die Fenisiërs met hul seilskepies van die Rooi See af vertrek het en al langs die ooskus van Afrika in die Suidelike See (Indiese Oseaan) gevaar het. Elke herfs het hulle aan land koring gesaai. Ná die oes het hulle voortgevaar. In hul derde jaar het hulle die draai regs (oos), by die Pilare van Herakles gemaak en deur die Middellandse See weer by Egipte uitgekom. Hulle het vertel — hoewel Herodotus sê hy glo dit nie — dat hulle nou die sonsopkoms aan hul regterkant gehad het. Of Herodotus dit nou geglo het of nie, dit maak sin en historici aanvaar vandag die bewering dat die Fenisiërs rondom Afrika gevaar het.

Tweeduisend jaar later het Herodotus se teks relevant geword toe die Ottomaanse Turke Konstantinopel — die hoofstad van die Bisantynse Ryk — in 1453 verower het. Die Turke het vervolgens toegang deur die Middellandse See en die Bisantynse Ryk na Indië en China vir Wes-Europese handelaars geweier. Dit het die vorste van Wes-Europa genoodsaak om nuwe handelsroetes na die Ooste te vind. Die adel en die opkomende middelklas kon nie sonder die sy van China en die speserye van Indië klaarkom nie.

Met die Renaissance in volle gang met sy herwaardering vir die Griekse en Romeinse kultuur en prestasies, is daar nou kennis geneem van Herodotus se teks. En met die Portugese en Spanjaarde wat die 15de eeu in Wes-Europa oorheers, het dit in 1498 letterlik die pad vir Vasco da Gama oopgemaak om namens die Portugese koning die seeweg na Indië om die suidpunt van Afrika te vind.

In die 17de eeu het die Nederlanders die Portugese as die vernaamste politieke en handelsfaktor in die Indiese Oseaan vervang. Die res is geskiedenis. Dit het in 1652 tot die diensstasie aan die Kaap onder Jan van Riebeeck gelei. En dit alles te danke aan farao Neku II.

Jacob Zuma se probleme met die Nederlandse afstammelinge in Suid-Afrika het in 600 v.C. begin, nie in 1652 nie.

**(uit: Terugblik – 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam *Aristata Boekwinkels*). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

# Woord en wêreld

## Betaal jou Geloftes! Hoe?



***Deur Dr. Gideon Grobler***

**Skrifgedeelte:** Ps. 50:14 *Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste.*

**Oordenking:** Hierdie kort Psalm met net 23 verse, gee koning Asaf sóveel insig oor God se vereiste vir die betaal van die gelofte!

In die eerste ses verse word God se grootsheid en geregtigheid ast'ware besing deur Asaf.

In vers een sê hy: Die God van die gode, die HERE, spreek en roep die aarde, van die opgang van die son af tot sy ondergang toe. Die enigste God, met 'n hoofletter, sy naam is YHWH, spreek tot, en roep die aarde waaroor Hy heers! Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, die hele aarde staan onder sy gesag, sy Almag.

Met hierdie Almag staan Hy gereed om te oordeel wie hom nie aanbid soos Hyself voorskryf nie en te red wat Hom van harte glo en aanbid en daarom ook dien, nie soos hulle self bedink nie, maar soos Hy aan Sy volgelinge voorskryf!

Hiéroor kan baie geskryf word, maar in dié Psalm word, kan ons sê, die hoof strome van aanbidding beskryf. Hierdie twee strome was nog al die jare daar en sal seker daar bly tot met die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Belangrik om daarop te let dat ons hier van twee strome praat wat daarop aanspraak maak dat hulle gelowiges is. Christus praat ook van hulle in Mattheus hoofstuk sewe: 21 *Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Christus beskryf wat gaan kom met die eind oordeel tog so duidelik! Hy sê die ...wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.* **Wat beteken dit?** In vers 22 verwys Christus na die eerste groep, die groep wat dit verkeerd verstaan! *Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?* Hierdie mense roem op alles wat hulle gedoen het, bedoelende, ons het juis... die wil van my Vader wat in die hemele is gedoen. Ons het selfs... in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen...! Hulle dink dat hul selfs beter daarin geslaag het om... die wil … van my Vader wat in die hemele is te doen. Dan hoor hulle die ontstellende antwoord van Christus in vers 23: *...Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!*

Vir hierdie selfde groep sê Ps.50 dit help nie jul bring al hierdie groot offers nie! Asof God wil sê julle beïndruk my nie deur My eie goed vir my te kom offer nie! (lees die hele Psalm om te hoor Hoe God dié saak duidelik stel)

God stel nie in die uiterlike belang nie. Daardie uiterlike wat mense beïndruk, óf dit nou die grote van jou offer is, óf die hoeveelheid is wat jy offer, maak nie saak nie! Dit bring jou nie in die regte verhouding met jou God nie! Jy kan jou redding nie verdien nie!

**Waarin stel God waarlik belang, wie is die ander groep gelowiges?** By wyse van spreke kan ons dit soos volg stel: **God stel nie in my goed of my werk belang nie, ... as ek nie éérs sélf op die offer altaar is nie!!** Om myself te offer, om myself tot niet te maak voor die alles wat Hy is omdat ek in magteloosheid uitroep: Hemel Vader help my uit my ellende, want ek kan myself nie help/red nie! Daarmee kom ons in die regte verhouding tot God! Wanneer ek uit dank vir sy redding, nóú my goed bring, nóú vir hom werk, sê Hy in Ps. 50:8 *Oor jou offers bestraf Ek jou nie, en jou brandoffers is altyddeur voor My.* Waarmee God vir ons die aanneemlikheid van ons offer aandui. Dit is 'n opregte dankie, nie iets om iemand mee te beïndruk nie!

Tragies om te sê, maar hierdie selfde twee groepe sien ons in die betaal van die Gelofte van 16 Desember 1838! Verder kry mens die indruk dat, hoe groter die nood om redding uit ons aardse gemors raak, hoe groter die wettisisme!

Om vir God die Godsvolk te wees wat ons beloof het (hierdie feit word méér duidelik uit die gelofte soos

opgeteken deur Jan Bandjes), kan ons nie doen deur bloot die hitte van die dag te verduur in ‘n eenvoudige geloftesaal(tjie) op die dag van die sestiende nie! Die feit dat ek nie my besigheid kan doen nie of die uiters belangrike én dringende werk op die plaas dié dag moet laat links lê, is nié die betaal van die gelofte nie!! God soek na óns op die altaar, ons harte, ons eie ek! Nie my offers in die eerste plek nie! Wie gehoorsaam is aan die opdrag van vers 14, betaal nie net die gelofte op die 16de nie, maar elke dag van die jaar! Hy/sy léwe uit dank vir God! Dank, in die eerste plek dat ek van die verdoemenis gered is, maar óók vir die redding op die walle van die Wasbank rivier!

Ons sien die verskynsel in die gewone kerklike lewe ook. Mense maak daarop aanspraak dat hulle gelowiges is, maar daardie gelowigheid is volgens hul eie terme! Hulle sal sélf besluit of hulle kerk toe gaan al dan nie. Hulle wil self besluit oor die wat, die hoé en die wanneer van hulle godsdiens. Die hel staan toegepak deur godsdienstige mense vir wie Christus, soos die godsdienstiges in Mattheus sewe sê dat Hy hulle nooit geken het nie.

Wanneer hierdie godsdienstiges, die offers (waaroor hul sélf besluit het) gebring het, kan hulle die res van die week besigheid doen soos dit hulle pas, met verhoudings handel soos dit hulle pas, kortom, soos wêreldlinge handel, hy het mos sy kaartjie hemel toe betaal!

Hierdie selfde verskynsel sien ons met betrekking tot die geloftes. Ek moet net die letter van die saak betaal, na die hart van die saak, moet jy nie vra nie.

Hierdie wettisisme hét nog nooit en sál nooit ‘n betaal van die gelofte wees nie.

Om die gelofte te betaal, sal ons ons eie ek, ons trots op wie en wat ons is, op die altaar moet plaas! Daar waar dit was toe die trekkers die moordende Zoeloe magte tegemoet gegaan het!

Ons het vir God ‘n Godsvolk (Godshuishouding) belowe. God eis wat aan Hom belowe is, ons skuld God ‘n Godsvolk wat ons dringend moet betaal, want as die tyd nie rééds verby is nie, is dit bitter naby!

**Gebed:** *Hemel Vader, soos die Tollenaar in die gelykenis van die Tollenaar en die Fariseër, in bewustheid van sy sondigheid nie eers sy oë tot U kon ophef nie, maar net op sy bors geslaan en uitgeroep het: HERE wees my sondaar genadig, roep ook ons as volk, met ons oë op ons voete, Here God wees ons genadig!* **AMEN**



# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Links teen "ver-regs"

**Hermanus van der Schyff**

Ek dui hierdie week aan wat mnr. Jaap Marais in die begin van die "wegbeweeg" vanaf apartheid oor die pers gesê het en wat ander lede van die NP oor linkses en regses gesê het.

Die stuk se inleiding lees soos volg: "In die Afrikanerlewe was die manne en vroue wat die geskiedenis gemaak het, nie 'gematigdes' nie, maar dié wat 'ekstremiste' genoem is."

Dan gaan die stuk verder: "Wat beteken 'ver-regs'? Dit is 'n frase wat deel geword het van die skeldwoordeskat van Sondagkoerantredakteurs wat in Afrikaans skryf - dié wat op 'n Sondag die Nasionale Party voorsê hoe hy die ontwikkeling van die volkslewe langs Christelik-nasionale weg moet soek, soos die Program van Beginsels bepaal.

"'Ver-regs' is natuurlik 'n politieke frase, maar die here sien 'ver-regs' in die kultuur , in die kerke en in die politiek. En dit is telkens duidelik dat 'ver-regs' 'n politiek verteenwoordig waarmee die here niks te maak wil hê nie.

"Miskien moet 'n mens die saak van naderby bekyk. Wat 'ver-regs' ook al beteken, een ding is seker: tussen 'ver-regs' en links is daar 'n afgrond.

"'n Mens weet immers dat 'ver-regs' nie aan dieselfde kant as links is nie. En 'n mens weet tegelyk dat die redakteurs aan die teenoorgestelde kant is, wat sekerlik nie ook regs kan wees nie, want as jou vyande aan die regterkant is, hoe ver regs ook al, is jy en jou vriende tog seker aan die linkerkant.

"'Diegene wat aanslae op die Afrikaner doen,' het min. MC Botha op 11 November 1966 voor die Germistonse Rapportryers gesê, 'predik nie net linksheid nie, maar val ook regsheid aan. Moenie dat hulle julle oortuig daar is 'n middeweg nie. Dit is òf konsewatief òf liberaal, òf lnks òf regs.

"Dit is maar soos altyd in die politiek: jy is of Nat of Sap. Jy kan nie albei wees nie. Net so is jy òf regs òf links.

"Nou weet ek dat hierdie lui nie aan die linkerkant gesien wil wees nie, en daarom merk hulle 'n grys, sogenaamde middel-van-die-pad strook af, wat hulle sê tussen regs en links is. Maar die regterkantste grens van die strook is net die ou natuurlike grens tussen links en regs, sodat die hele strook links van die middellyn val. Op dié manier maak hulle onkundiges en ongevoeliges wys dat hulle nie links is as hulle in dié baan is nie - - hulle is die gematigdes."

"'Wees gevlei,' het min. MC Botha gesê, 'dat ons liewer konserwatief genoem word as gematig — hulle is dié wat dink hulle is tussen links en regs.'

"Afrikanernasionaliste is oor die jare gekontrasteer met die 'gematigdes' en is die 'ekstremiste' genoem. Vandag heet die Afrikanernasionaliste 'ver-regses' in 'n politieke taal wat vreemd aan die Afrikaner en sy hele geskiedenis is. Die term kom uit dieselfde oorde as waaruit coca cola, 'comics' en 'pop' na Suid-Afrika gewaai het. Op sigself is dit 'n betekenisvolle aanduiding.

"Mnr. MC Botha het in dieselfde toespraak gesê dit is onverstandig om 'n jag op tou te sit teen wat uiters regs is. 'Ongelukkig,' het hy gesê, 'het rubriekskrywers van Afrikaanse koerante aanvalle gedoen op uiters regses.' En sy waarskuwing was: 'Daar moet gewaak word teen ons eie mense... As daar aan te val is, val die linkses aan.

"Nou wil ek enigiemand uitdaag om Afrikaanse Sondag-koerante vir die afgelope drie tot vier jaar na te gaan en een voorbeeld te bring van 'n skerp, volgehoue aanval na links. Laat enigiemand 'n Afrikaanse Sondagkoerant bring waarin leiersfigure in die bekende linkse kringe aangeval en betakel is op die wyse waarop sogenoemde 'ver-regses' aangeval is.

"As daar dalk so 'n vreemdeling in Jerusalem is wat die uitdaging wil aanneem, kan hy dit gerus doen, maar hy sal nie so iets kry nie omdat dit nie bestaan nie. Dit bestaan nie omdat die aanvalle na 'ver-regs' enige aanvalle na links uitsluit. Hulle val nie net regsheid aan nie, het mnr. MC Botha gesê, hulle predik ook linksheid.

"Wanneer hierdie Sondagkoerantredakteurs na 'ver-regs' aanval, is dit telkens duidelik wat aangeval word - onverdunde Afrikanerskap, beginselvastheid, gewortelheid in die volksgeskiedenis, ideaalgerigte nasieskap, geloof in die Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing.

"Dit is duidelik dat om hierdie hoedanighede vandag in Suid-Afrika te hê, 'n mens die stempel van 'ekstremisties' en 'ver-regs' besorg. Dit is geen nuwigheid nie. In die Afrikanerlewe was die manne en vroue wat die geskiedenis gemaak het, nie die 'gematigdes' nie, maar dié wat 'ekstremiste' genoem is.

"Laat daar nie twyfel wees nie, hulle is die werklike

party van die geloof, en in die hedendaagse idioom van Afrikanervyande is hulle die 'ver-regses' omdat hulle weier om toegewers te wees: omdat hulle weier om bedrewe aanpassers te word, en omdat hulle weier om hulle deur die 'onvermydelikheid' na links te laat trek.

"Hoe het Langenhoven nou weer gesê? 'Whatever may be urged philosophically against the theological speculation of Calvin' het hy in *Republications and Sinners* geskryf, 'the creed he taught makes the sort of man that will go through the fire or the mire, undaunted by the one, undefiled by the other.'

"Laat dit vertaal word: 'Wat ook al filosofies inbebring kan word teen die godsdienstige bespiegelinge van Calvyn, die leer wat hy verkondig het, maak die soort mens wat deur die vuur of die slyk sal gaan, onbevrees vir die een, onbesmet deur die ander.' Dit is nie wat die gematigdheid van 'n mens en 'n volk maak nie.

"In die Afrikanergeskiedenis was hierdie mense telkens die ekstremiste van hul tyd - die 'ver-regses' in die hedendaagse idioom van die Sondagkoerante".

(Mnr. JA Marais: ***Die Afrikaner*** 31 Julie 1970)

**My kommentaar:** *Uit hierdie stuk kan gesien word dat die Afrikaner al vir baie jare die teiken van sekere koerante was. Onthou dat die NP later, toe hulle verder weg beweeg het van apartheid,* The Citizen *koerant gestig het, met die doel om hul politiek te bevorder. En met die TV-nuus, koerante en radionuus was die Afrikaner so aangeval dat baie begin glo het hulle is verkeerd en moet 'n ander politiek begin ondersteun. En kyk waar sit ons vandag. Maar media soos* News24 *se nuus is bekend daarvoor dat hulle steeds die linkse filosofie bevorder en "regse" nuus as verdag hanteer.*

*Dr. Tobie Muller sê in sy stuk ,"Die Geloofsbelydenis van 'n Nasionalis", die volgende: "Godsdiens sluit moraliteit in. Daarom is dit reeds hierom ook 'n godsdienstige plig om nasionalis te wees." En dan verder sê hy," Uit hierdie oogpunt beskou, is papheid op nasionale gebied 'n religieuse oortreding, d.w.s. 'n sonde. Dit is dus letterlik waar, en nie maar beeldspraak nie, wanneer die Afrikaner sê, dat die handhawing van syn taal vir hom 'n deel van syn godsdiens is." Hy sê later in sy stuk: "Waar is daar 'n land met dringender rasprobleme dan Suid-Afrika? In plaas van afskrik, trek dit my juis aan. Die voorreg om die probleme aan te pak, ook die moontlikheid om hul op te los, is ons-syne. Misluk onse pogings en moet ons ondergaan, neergedruk deur 'n vrag van onoorkomelike moeilikhede, dan is dit in elk geval beter om te sterf als eerlike stryders op die slagveld, dan om te versink in 'n bedwelmende luilekker eentonigheid van niksdoen."*

*Vriende, laat ons opstaan uit hierdie bedwelmende luilekker eentonigheid van niksdoen en iets doen om ons Nasionalisme uit bou en die linkse aanslag af te weer.*

---




**HUTTEN-BUCHDIENST**

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
**hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148



## *Die Afrikaner*

admin@hnp.org.za    Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com



**Medewerkers:**

Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Sydney Gregan
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ’n heelwat jonger Lettie aan ’n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in ’n ouetehuis woon...




Die tyd vlieg darem vreeslik vinnig. Dit voel asof ons net gister nuwe dagboeke gekoop het en hier is ons alweer besig om ons Geloftefees te vier. Ons het besluit om vanjaar 'n voor-fees te hou, dan kan diegene wat hul pad oopsien na een van die groter feeste gaan en dié wat nie kan gaan nie, ook geleentheid kry om ons Gelofte te herdenk.

So het dit gekom dat ons hele gemeenskappie Saterdagoggend onder die ou witstinkhoutboom saamgetrek het. Groot vure is vroegdag al aangesteek, terwyl eenkant 'n lang tafel op bokke staan gemaak is.

Met die milde landswye reëns het ons besluit om die toespraak en diens vroeg te hê sodat ons daarna vir middagete kan braai en kuier voordat die wolke ons dalk wil natgooi.

Met ons bene in die son en rook wat krulletjies walm tussen die takke deur, het ons heerlik rustig eers na Eerwaarde en daarna na Gabriël ons geskiedkundige geluister. Die pragtige kanselkleed met die woorde van die Gelofte wat kunstige Bettie vir ons gemaak het, is langs die sprekers opgehang.

Uiteindelik was dit Blikkies se kieries wat die kalklig gesteel het. Gabriël het vertel dat die Voortrekkervroue kappies teen die son gedra het en ons dit gereeld herdenk, maar nooit word genoem van die mans se kieries nie. Tog is daar in menige huis 'n kierie of twee wat van die voor-oupas geërf is. Daar is langes wat gebruik is om die vee mee aan te keer en korteres met krul-handvatsels wat die ouer ooms oor die pad gehelp het. Dan was daar die deftige Sondagkieries van swart hout met 'n silwer knop bo.

Kieries is ook wapens. Baie slange en skerpioene is verwyder met 'n kieriehou en ons weet almal dat, as iemand jou aanval jy hom nie oor sy harde skedel moet klits nie, maar eerder hard in die maag moet stamp met jou kierie.

Daar word baie gemaak van die kappies en tereg so, maar die kieries het maar nog altyd in die hoekie gestaan en stof vergader. Gabriël reken dat die tyd nou aangebreek het om die volk se kieries af te stof en weer 'n plekkie in die son te gee. Sodoende bring ons ook 'n eenvoudige dog doeltreffende selfbeskermingsapparaat terug in gebruik.

Nadat hy klaar gepraat het, het hy vir Blikkies nader geroep om 'n paar van sy mooi kieries vir ons te wys. Blikkies sê toe dat hy graag 'n kierie wil skenk vir die een man wat altyd na ons veiligheid omsien en wat ook altyd gewillig is om almal te help. "Ek roep vir oom Janneman wat hierdie kierie dubbel en dwars verdien," eindig hy.

Die kole is gereed en roosters vol vleis begin ons eetlus prikkel. By die lang tafel word tee-nette van die bakke met slaaie en poedings verwyder. Sienie kyk dat die pap en tamatiebredie lekker kook en Sarie smeer snye bakoondbrood met geel regte botter.

Almal sit net reg met hulle borde kos toe daar 'n harde gil weerklink en 'n gedaante met die vier donkies agterna op ons afpeil. Man of vrou? Kan eers nie uitmaak nie, want die klere is 'n helder broekpak en die hare helder pers, maar dis die stem van 'n vrou wat skree of sy vier spoke gesien het.

Die Van Zweels spring op en hardloop haar tegemoet - die mistieke dogter het opgedaag en die donkiegesin het besluit om haar te verwelkom.

Genade Suster, nou verstaan ek die rare kamer en die donkies se opwinding. In die nuwe jaar lê baie werk vir ons voor om die arme siel op die regte pad te help.

Mag julle 'n geseënde feesmaand hê.

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie



# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: [Prof] [Dr] [Mnr] [Mev] [Mej]

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: _______________________

____________________________ E-pos: _______________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: _______________________________

Ledegeld: [ ] (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: _______________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________

# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: _______________

**AAN:** ***Die Afrikaner*****, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: _______________ **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R _____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ____________________ op hierdie _____ dag van ______________ 2024.

_________________________

HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie